

Mediaverklaring**Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)****14 Mei 2019****'n Stewige eerste kwartaal vir plaaslike kollektiewe beleggingskemas**

Die plaaslike Kollektiewe Beleggingskemabedryf (KBS-bedryf) het 'n sterk netto invloei van R52.8 miljard in die eerste kwartaal van vanjaar gerapporteer. Dit is die derde hoogste kwartaallikse netto invloei in vyf jaar.

Luidens die KBS-bedryf se statistieke vir die kwartaal en jaar geëindig Maart 2019 wat vandag deur die Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA) uitgereik is, bring dit die totale netto invloei vir die 12 maande op R143.3 miljard te staan.

Sunette Mulder, senior beleidsadviseur by ASISA, sê die plaaslike KBS-bedryf het sy bates ook op 'n jaargrondslag bestendig gegroeи. Einde Maart 2019 het totale bates onder bestuur op R2 380 miljard gestaan teenoor R2 180 miljard einde Maart verlede jaar en R2 240 miljard aan die einde van 2018.

Die helfte van hierdie bates word in SA multibateportefeuiljes (50%) gehou, gevvolg deur SA rentedraende portefeuiljes (28%), SA aandeleportefeuiljes (19%) en SA eiendomsportefeuiljes (3%).

Aan die einde van Maart 2019 het Suid-Afrikaanse beleggers 'n keuse van 1 599 portefeuiljes gehad.

Beleggingstendense

Suid-Afrikaanse (SA) rentedraende korttermynportefeuiljes het die grootste gedeelte van die netto invloei (R39.7 miljard) in die 12 maande tot einde Maart 2019 gelok, terwyl SA rentedraende geldmarkportefeuiljes R32.8 miljard en SA multibate-inkomsteportefeuiljes R26.6 miljard ontvang het.

Mulder sê ofskoon die meeste beleggers steeds die skynbare veiligheid van rentedraende portefeuiljes verkies het, was talle beleggers bereid om markonbestendigheid te trotseer ter wille van die potensieel hoër opbrengste wat aandeleportefeuiljes op lang termyn bied. SA multibate hoë aandeleportefeuiljes het 'n netto invloei van R24.3 miljard ontvang en SA algemene aandeleportefeuiljes R13 miljard.

Wat ook interessant is, sê Mulder, is die netto uitvloei wat deur die SA multibate lae en medium aandeleportefeuiljes aangeteken is. "Die gevolgtrekking kan gemaak word dat beleggers 'n alles-of-niks-benadering gevvolg het met hul keuse van vasterente-instrumente of hoë aandeblootstelling met geen ruimte vir medium of lae aandeblootstelling nie."

Mulder wys daarop dat oor die lang termyn plaaslike portefeuiljes met hoë aandeblootstelling gemiddeld rentedraende portefeuiljes uitpresteer het (netto van fooie). Oor die een- en vyfjaartydperke tot einde Maart 2019 het rentedraende portefeuiljes aandele egter geklop.

Waar het die invloei vandaan gekom?

Mulder sê 28% van die invloei in die KBS-bedryf oor die 12 maande tot einde Maart 2019 het regstreeks van beleggers gekom. Dit beteken egter nie dié beleggers het sonder advies opgetree nie. "Ons vermoed talle regstreekse beleggers betaal vir advies en implementeer dan self die keuse van watter portefeuilje om in te belê," verduidelik Mulder.

Tussengangers was vir 33% van nuwe invloei verantwoordelik. Diensverskaffers van gekoppelde beleggings (Lisps) het 21% van verkope voortgebring terwyl institusionele beleggers soos pensioen- en voorsorgfondse 18% bygedra het.

Buitelandse fokus

Plaaslik geregistreerde buitelandse portefeuiljes het aan die einde van Maart 2019 bates onder bestuur ter waarde van R477 miljard gehou. Dié buitelandse portefeuiljes het in die kwartaal tot einde Maart 2019 'n netto invloei van R0.98 miljard aangeteken.

Buitelandsevaluta-effektetrustportefeuiljes is gedenomineer in geldeenhede soos die dollar, pond, euro en jen en word deur buitelandse effektetrustmaatskappye aangebied. Slegs portefeuiljes wat by die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor (FSCA) geregistreer is kan aktief aan Suid-Afrikaanse beleggers bemark word. Plaaslike beleggers wat in hierdie portefeuiljes wil belê, moet aan die Reserwebank se regulasies voldoen en sal hul toegelate buitelandse kapitaal gebruik.

Daar is tans 455 fondse wat in buitelandse geldeenhede gedenomineer is in Suid-Afrika te koop.

Einde

Vir die reël van onderhoude, kontak:

Lucienne Fild
Onafhanklike Kommunikasiekonsultant
082 567 1533
lucienne@fild.co

Uitgerek namens:

Sunette Mulder
Senior Beleidsadviseur
Vereniging vir Spaar en Belegging in Suid-Afrika (ASISA)

ASISA verteenwoordig die meerderheid van Suid-Afrika se batebestuurders, bestuursmaatskappye van kollektiewe beleggingskemas, diensverskaffers van gekoppelde beleggings, multibestuurders en lewensversekeringsmaatskappye.